

Sondag 21 Januarie

Skrifgedeelte: Jeremia 2:8-13

**Fokusgedeelte: Jeremia 2:13;
Heidelbergse Kategismus 34:94**

Die ontstaan van afgodery

Uit ons belydenis is dit duidelik wat afgodery is. Dit is egter belangrik om te weet hoe af-godery ontstaan.

God het die mens so geskep dat hy van Hom afhanklik is, aan God verantwoording ver-skuldig is en Hom moet dien. Deur die sonde is die mens van God losgemaak. Nou voel hy nog dat hy afhanklik is, maar hy weet nie van wie nie; hy voel dat hy verantwoording ver-skuldig is en diensbaar is aan iets of iemand, maar hy weet nie aan wie of wat nie. Daar is dus 'n innerlike leegheid in hom wat soek na iets of iemand waarmee hy dit kan vul.

Hierdie innerlike leegheid word dikwels 'n obsessie by hom wat hom voortdryf op soek na vulling. Hierdie vulling kry die verdwaalde mens dan as hy vir homself nuwe gode maak na sy eie smaak deur die vergoddeliking van mense of geld of iets dergeliks. Al laasge-noemde dinge het God oorspronklik aan die mens gegee sodat dit hom kan dien en die lewe vir hom aangenaam kan maak. Maar omdat die mens dit van God losgemaak het en tot gode verhef het, dien dit hom nie meer nie en het dikwels genadelose heersers geword wat die mens onrustig voortdryf sodat hy nooit rus vir sy siel kan kry, byvoorbeeld die per-soon vir wie geld 'n god is.

Wat die saak nog soveel erger maak, is dat die gode wat die mense in hulle dwaasheid vir hulleself maak, bespotlike nietighede is as hulle met die enige, ware en almagtige God vergelyk word. Die Here toon die verskil duidelik aan as Hy in Jeremia 2:13 Homself ver-gelyk met 'n permanente bron (fontein) van lewende, vars water – maar daarteenoor noem Hy die afgode mensgemaakte, vuil en gebarste waterbakke wat geen water hou nie. Sulke bakke was in Palestina te vinde en dikwels was die water wat daarin was, boonop vuil, onsmaklik en vol wurms wat dit vir menslike gebruik totaal ongeskik gemaak het. So lyk die afgode wat Israel vir hulleself gemaak het as dit met God se sorg en genade vergelyk word.

Eintlik is die verskil tussen God en die mensgemaakte gode so groot dat dit vir die mens onbegryplik is. In die beeld in Jeremia 2:13 toon God egter die dwaasheid van die mense wat Hom verwerp en in sy plek nikswerd afgode dien (Ps. 96:5; 97:7; Hab. 2:18). Met die diepste veragting word die afgode as “dregode” bestempel (Lev. 26:30; Deut. 29:17; Jer. 50:2).